



KERN-, GRONDVES- EN MOEDEREENHEDE

(Soos gewysig op 24 Julie 2025)

INHOUDSOPGAWE

1	KEURING VAN PERSELE	3
2	VESTIGING EN REGISTRASIE VAN EENHEDE	3
3	HERREGISTRASIE VAN 'N EENHEID	4
4	SKRAPPING VAN 'N EENHEID	4
5	KERNEENHEDE	
5.1	Vereistes vir kerneenhede	5
5.2	Vestigingsvereistes vir kerneenhede	5
5.3	Ondersoek van kerneenhede	6
5.4	Vereistes vir plantmateriaal uit kerneenhede	6
6	GRONDVESEENHEDE	
6.1	Vereistes vir grondveseeenhede	6
6.2	Vestigingsvereistes vir grondveseeenhede	7
6.3	Versorging van grondveseeenhede	7
6.4	Ondersoek van grondveseeenhede	9
6.5	Vereistes vir plantmateriaal uit grondveseeenhede	9
7	MOEDEREENHEDE	
7.1	Vereistes vir moedereenhede	10
7.2	Vestigingsvereistes vir moedereenhede	10
7.3	Versorging van moedereenhede	10

7.4	Onderzoek van moedereenhede	13
7.5	Vereistes vir plantmateriaal uit moedereenhede	14
8	BEPALING VAN STATUS VAN PLANTMATERIAAL	14
9	UITREIKING VAN PLANTMATERIAAL	15
10	SERTIFISERING VAN PLANTMATERIAAL UITGEREIK	17
11	METING VAN LOOTDIKTES	17
12	OPKNIP VAN ONDERSTOK PLANTMATERIAAL	18

1. KEURING VAN PERSELE

- 1.1 PVO's selekteer jaarliks persele met potensiaal om gekeur te word.
- 1.2 Die potensiele persele word deur die PVO inspekteurs beoordeel op grond van voldoening aan die skemavereistes.
- 1.3 Die bevindinge word deur die PVO op rekord gehou.
- 1.4 PVO's doen jaarliks voor **31 Desember** skriftelik by die Wingerdverbeteringsvereniging (WVV) aansoek vir registrasie van die persele wat deur die PVO goedgekeur is.
- 1.5 Elke aansoek moet insluit:
 - a) 'n aansoekvorm (**WVV C-3-6**);
 - b) 'n liggingskaart en GPS koördinate wat duidelik aantoon waar die perseel geleë is;
 - c) 'n laboratoriumverslag van die aalwurm-ontleding (alle laboratorium uitslae vir die vestiging van 'n eenheid moet met 'n unieke verwysingsnommer bevestig word);
- 1.6 In geval van 'n nuwe produsent, verskaf die betrokke PVO die nodige inligting aan Plant SA, indien daar aan al die vereistes voldoen word, word die perseel geregistreer en 'n sertifikaatnommer toegeken.

2. VESTIGING EN REGISTRASIE VAN EENHEDE

Die Skemavereistes vir die registrasie van eenhede word in **Artikel 6** van die Skema uiteengesit.

- 2.1 PVO's doen jaarliks skriftelik by die WVW aansoek vir die registrasie van kern-, grondves- en moedereenhede wat gedurende die jaar gevestig is.
- 2.2 Elke aansoek moet insluit:
 - a) 'n aansoekvorm (**WVV C-3-6**);
 - b) die sertifikaatnommer en entkombinasie nommer van die kwekery waar die stokke verbou is moet op die aansoek ingevul wees;
 - c) 'n uitreiking in gevalle waar plantmateriaal vir die vestiging van 'n nuwe eenheid nie deur 'n kwekery gelewer word nie;

- d) 'n plantplan wat die bloknommer, rye, en aantal plante per bo-en/of onderstokkloon aantoon;
 - e) 'n opgawe met die volledige besonderhede van elke bo- en/of onderstokkloon op die eenheid gevestig, soos voorgeskryf (**WVV C-3-8**).
- 2.3 Indien die aansoek om registrasie vir 'n tafel- of droogdruifeenheid 'n spesiale versoek insluit om direk vanaf 'n bronplant uit 'n erkende evalueringsprogram te vermeerder, moet:
- (a) die bronplant aan die vereistes van Fase 2 van klone evaluasie voldoen;
 - (b) die PVO die bronplant jaarliks toets en hanteer soos 'n kernplant totdat 'n kernplant suksesvol gevestig is of totdat die kloon na vyf jaar geskrap word.
- 2.4 Aansoeke om registrasie wat voorlopig deur die Sekretaris goedgekeur is word aan die Tegniëse Komitee voorgelê vir bekragting en daarna in die betrokke registers aangeteken.
- 2.5 Nuwe eenhede wat toegevoeg is tot die blokregister moet, waar moontlik reeds die eerste somer na aanplanting, of andersins in die tweede jaar vir Netelblaar getoets word.
- 2.6 Die nuwe eenhede moet sodra dit prakties moontlik is tipe-eg verklaar word, indien daar gevalle is waar die tipe-egtheid nie teen die tweede groeiseisoen bevestig kan word nie, moet die betrokke PVO skriftelik uitstel vra en redes verstrek waarom uitstel benodig word.
- 2.7 Tweedeblad stokke wat nie vir Netelblaar getoets is nie, of nog nie tipe-eg verklaar is nie sal van die register verwyder word, tensy skriftelike magtiging vir uitstel gegee is.

3. HERREGISTRASIE VAN 'N EENHEID

- 3.1 Indien 'n eenheid van eienaar verwissel, moet die betrokke PVO die WVV skriftelik in kennis stel dat die eienaar van die eenheid verander het.
- 3.2 Die volledige naam en adres van die nuwe produsent en die naam van plaas waar die eenheid geleë is moet verstrek word, soos voorgeskryf (**WVV C-3-6**).
- 3.3 Aansoeke om herregistrasie van eenhede word deur die Sekretaris gekontroleer en vir kennisname aan die Tegniëse Komitee voorgelê.

4. SKRAPPING VAN 'N EENHEID

- 4.1 PVO's doen deurlopend gedurende die jaar skriftelik by die WVV aansoek vir die skrapping van eenhede wat nie meer aan die skemavereistes voldoen nie. Volledige besonderhede van die eenhede asook die rede vir die skrapping moet verstrek word soos voorgeskryf (**WVV C-3-8**).
- 4.2 Na kontrole deur die Sekretariaat word die eenheid voorlopig geskrap. Aansoeke vir die skrapping van eenhede en die redes daarvoor word deur die Sekretaris aan die Tegniëse Komitee voorgelê vir goedkeuring.
- 4.3 Die volledige besonderhede van die eenhede word na goedkeuring na die register vir geskrapte eenhede oorgedra.

5. KERNEENHEDE

5.1 Vereistes vir kerneenhede

Die skemavereistes vir kerneenhede word uiteengesit in **Bylae 1** van die Skema.

5.1.1 Toegangsbeheer

Ten einde te verseker dat die eenheid te alle tye voldoen aan die vereistes vir 'n insekdigte tonnel / kweekhuis moet die eenheid oor die volgende beskik:

- a) 'n bedekking van anti-virus blaaspootjie-digte net met minimum maasgrootte van 192 mikron;
- b) 'n instap / sanitasie area met dubbeldeure wat dig sluit en beskik oor:
 - permanente hand was fasiliteite;
 - oorjasse;
 - dispenseerder met sterilisasiemiddel (QAC; 200ml/100l water) vir oppervlakkige sterilisasie van implemente, werktuie en plante;
 - 'n voetbad by die ingang met vloeistof oplossing van koperhidroksied - $\text{Cu}(\text{OH})_2$ (300 ml/100l water) vir sterilisasie van skoene; en
 - die reëls soos hierbo genoem duidelik sigbaar by die ingang aangebring.

- c) beperkte toegang, slegs vir gemagtigde en opgeleide persone, met deure wat gesluit kan word;
- d) gemagtigde personeel, wat net diens doen binne die tonnells en geen kontak het met buite aanplantings en personeel nie.

5.1.2 Kandidaat kernplante

Kandidaat kernplante word toegelaat in 'n kerneenhede, maar moet duidelik geskei wees van geregistreerde kernplante.

5.2 Vestigingsvereistes vir kerneenhede

Die skemavereistes vir die vestiging van kerneenhede word in **Artikel 11 en 12** van die Skema uiteengesit.

5.3 Onderzoek van kerneenhede

Kerneenhede moet ingevolge die Skema op die volgende voorgeskrewe tye deur die betrokke PVO ondersoek word, naamlik:

- a) vroeë aktiewe groeistadium;
- b) vroeë blaarvalstadium;
- c) russtadium.

5.4 Vereistes vir plantmateriaal uit kerneenhede

- a) PVO's inspekteer kernplante gedurende die groeiseisoen. Wingerdboukundig- en fitosanitêr-afwykende stokke word deurlopend verwyder.
- b) Kernplante moet na die eerste groeiseisoen skoon toets vir die virusse soos voorgeskryf alvorens plantmateriaal uitgereik kan word.
- c) Die besonderhede van die voorgeskrewe virustoetse vir kernplante word in **WVV C-2-4** uiteengesit.
- d) Plantmateriaal van kernplante wat aan 'n ander PVO verkoop word, moet gesertifiseer word.

6. GRONDVESEENHEDE

6.1 Vereistes vir grondveseeenhede

Die Skemavereistes vir grondveseeenhede word uiteengesit in **Bylae 1** van die Skema.

6.1.1 Indien daar voorheen 'n grondveseenheid of Grondveskwekery op die grond was:

- a) moet grondmonsters met lewende wingerdwortels ingesamel word om vir die voorkoms van *Xiphinema index* te toets;
- b) moet soveel moontlik wortels voor vestiging van die nuwe eenheid verwyder word; en
- c) moet grond vir ten minste een jaar rus.

6.1.2 Afwesigheid van Witluis besmetting

Geen witluise of tekens van witluise mag voorkom in grondveseenhede nie.

6.1.3 Onkruidbeheer

Plante in 'n grondveseenheid moet nie deur onkruid oorgroei word nie.

6.2 Vestigingsvereistes vir grondveseenhede

Die skemavereistes vir die vestiging van grondveseenhede word in **Artikel 11** en **12** van die Skema uiteengesit.

6.3 Versorging van grondveseenhede

6.3.1 Verwydering van stokke

Visueel besmette stokke en stokke wat positief toets asook afwykende stokke moet deurlopend verwyder word.

6.3.2 Beheer van witluise

a) Monitering in Lae Risiko eenhede (LR):

- Plaas een feromoon-valletjie uit vir elke vyf hektaar.
- Moniteer vanaf 15 November en gaan voort tot 15 Januarie.
- Vervang die gomstrokies van die feromoon-valletjies een keer per maand.
- Moenie die gomstrokies vou nie en handig in vir telling onder 'n mikroskoop van die aanwesige mannetjies.
- Sodra witluise waargeneem word, word die eenheid afgradeer na 'n risiko eenheid en moet die voorskrifte daarvolgens gevolg word.

b) Risiko eenhede (R):

In risiko eenhede waar witluise teenwoordig is, is geen moniteringsaksie nodig nie, maar 'n intensiewe spuitprogram moet gevolg word.

c) Opgradering vanaf Risiko na Lae Risiko eenheid

In gevalle waar 'n grondves eenheid vanaf 'n lae risiko eenheid afgegradeer is na 'n risiko eenheid weens die aanwesigheid van witluise, kan die eenheid weer na 'n lae risiko eenheid opgradeer word onder die volgende voorwaardes:

- die standaard program vir die monitering van witluise in Lae Risiko grondves eenhede moet vir twee groeiseisoene gevolg word en geen witluise mag gevind word nie;
- stokke met Rolblaar simptome en stokke wat positief toets moet verwyder word;
- die oorblywende stokke moet die volgende twee herfs seisoene op 'n stok vir stok basis vry toets van Rolblaar.

6.3.3 Beheer van Miere

Miere mag nie onbeheerd in 'n eenheid voorkom nie.

Monitering: Miere kan tydens monitering vir witluise gemonitor word. Indien miere nie dan voorkom nie, moet daar weer in die lente gemonitor word wanneer dit warmer is en die miere meer aktief is. Indien daar in die lente miere voorkom moet daar weer later in die seisoen gemonitor word.

Behandelings:

- a) Lokaas - Voorskrifte volgens vergunning soos deur IPW verleen moet gevolg word.
- b) Stambespuittings: Voorgeskrewe middels en dosis moet gebruik word.
- c) Dormante toediening: Voorgeskrewe middels en dosisse moet gebruik word.

Miere moet beheer word as hulle in die stokke inbeweeg. Indien die infestasies so hoog is dat daar groot getalle op die grond rondbeweeg, moet 'n tweede stambespuiting later in die seisoen toegedien word. Die tweede bespuiting moet slegs toegedien word indien miere in stokke voorkom.

6.3.4 Onkruidbeheer

Onkruid mag nie onbeheerd in 'n eenheid voorkom nie en 'n spesifieke onkruidbeheer program moet gevolg word.

6.3.5 Aanbevole Verbouingspraktyk

Indien daar vanaf ander wingerde op dieselfde plaas beweeg word, word die volgende aanbeveel:

- a) Skoonspuit van trekkers en implemente
- b) Ontsmetting van snoeiskêre
- c) Beskermende oorklere of skoon klere.

6.4 Onderzoek van grondveseenhede

Grondveseenhede moet ingevolge die Skema op die volgende voorgeskrewe tye deur die betrokke PVO ondersoek word, naamlik:

6.4.1 Normale ondersoeke

- a) vroeë aktiewe groeistadium;
- b) vroeë blaarval stadium;
- c) russtadium.

6.4.2 Aanvullende ondersoeke

a) Netelblaar

Alle grondveseenhede moet eenmalig, een jaar na plant, stok vir stok vir Netelblaar getoets word.

b) Rolblaar-geassosieerde virusse

Grondvesbostokblokke moet stok vir stok getoets word vir Rolblaar met behulp van die voorgeskrewe ELISA toets:

- i) risiko eenhede van hoë aanvraag variëteite en eenhede waaruit moederblokke gevestig gaan word jaarliks;
- ii) lae-risiko eenhede en alle ander grondvesblokke ten minste een keer in 'n drie jaar siklus;
- iii) die enigste uitsonderings is **Cabernet Franc, Cabernet Sauvignon, Durif, Malbec, Merlot, Pinotage, Pinot Noir,**

Ruby Cabernet en Shiraz waar visuele inspeksie gelykstaande aan “getoets met ELISA” sal wees.

6.5 Vereistes vir grondves plantmateriaal

6.5.1 PVO's inspekteer grondveseenhede gedurende die groeiseisoen. Wingerdboukundig- en fitosanitêr-afwykende stokke word deurlopend verwyder.

6.5.2 Grondvesplante moet skoon toets van virusse met behulp van die toetse soos voorgeskryf, alvorens plantmateriaal uitgereik mag word.

6.5.3 Voorgeskrewe virus toetse (**WVV C-2-4**)

7. MOEDEREENHEDE

7.1 Vereistes vir moedereenhede

Die skemavereistes vir moedereenhede word uiteengesit in **Bylae 1** van die Skema.

7.1.1 Geskiedenis van vorige wingerd:

- a) Indien daar voorheen 'n wingerd- of kwekery op die grond was, verwyder soveel moontlik wortels voor vestiging van die nuwe eenheid;
- b) Indien daar voorheen 'n wingerd- of kwekery op die grond was moet grond vir ten minste een jaar rus.

7.1.2 Moedereenhede moet gevestig word op persele wat vry toets vir die voorkoms van *Xiphinema index*.

7.1.3 Onkruidbeheer

Plante in 'n moedereenheid moet nie deur onkruid oorgroei word nie.

7.2 Vestigingsvereistes vir moedereenhede

Die skemavereistes vir die vestiging van moedereenhede word in **Artikel 11 en 12** van die Skema uiteengesit.

7.3 Versorging van moedereenhede

7.3.1 Verwydering van stokke

a) Visueel besmette stokke en stokke wat positief toets moet gemerk word.

i) Voor insameling van plantmateriaal moet gemerkte stokke en die twee aangrensende stokke se materiaal verwyder word.

ii) In lae risiko eenhede moet stokke verwyder word.

b) Afwykende stokke

Afwykende stokke moet deurlopend gemerk word en soos die ander gemerkte stokke vooraf gesnoei word.

7.3.2 Afwesigheid van Witluisbesmetting

Geen witluse of tekens van witluse mag voorkom op die stokke wat gebruik word om plantmateriaal in te samel nie.

7.3.3 Moniteer van Witluse

Kies twintig vakkies met vyf stokke elk eweredig verspreid deur die blok indien die blok 2 hektaar of minder is. In gevalle waar die blok groter as 2 hektaar is moet die getal vakkies pro-rata vermeerder word.

Teken 'n plan van die betrokke wingerd met 'n aanduiding van elke ry en aantal vakkies per ry.

a) Risiko eenhede:

- Begin met monitering vanaf Oktober en gaan voort tot einde Maart;
- Moniteer in die tros-sone van elk van die vyf stokke in elke vakkie eenkeer per week;
- Teken slegs die aan- of afwesigheid van witluse op elke stok aan;
- Die totale getal besmette stokke dui die persentasie witluisbesmetting vir die blok aan.

b) Lae risiko eenhede:

- Begin met monitering vanaf 15 November en gaan voort tot 15 Januarie;
- Monitor die tros-sone van elk van die vyf stokke in elke vakkie eenkeer per week;

- Teken slegs die aan- of afwesigheid van witluise op elke stok aan;
- Die totale getal besmette stokke sal die persentasie witluisbesmetting vir daardie blok aandui;
- Sodra witluise in 'n lae risiko moeder eenheid waargeneem word, word die eenheid afgegradeer na 'n risiko eenheid.

c) Opgradering vanaf Risiko na Lae Risiko eenheid

In gevalle waar 'n moedereenheid vanaf 'n lae risiko eenheid afgegradeer is na 'n risiko eenheid weens die aanwesigheid van witluise, kan die eenheid weer na 'n lae risiko eenheid opgegradeer word onder die volgende voorwaardes:

- die standaard prosedure vir die monitering van witluise in Risiko moedereenhede moet oor die volgende twee groeiseisoene gevolg word en geen witluise mag voorkom nie;
- die stokke met Rolblaar simptome en die stokke wat positief toets moet verwyder word;
- die oorblywende stokke moet in die volgende twee herfs seisoene op 'n stok vir stok basis vry toets van Rolblaar.

d) Beheer van Witluise

Sodra 'n witluis besmetting waargeneem word, moet die hele moedereenheid dadelik met 'n geregistreerde kontak- of sistemiese witluismiddel behandel word volgens die aanwysings van die vervaardiger.

7.3.4 Beheer van Miere

Miere mag nie onbeheerd in 'n eenheid voorkom nie.

Monitering: Miere kan tydens monitering vir witluise gemonitor word. Indien miere nie dan voorkom nie, moet daar weer in die lente gemonitor word wanneer dit warmer is en die miere meer aktief is. Indien daar in die lente miere voorkom moet daar weer later in die seisoen gemonitor word.

7.3.5 Onkruidbeheer

Onkruide mag nie onbeheerd in 'n eenheid voorkom nie en 'n spesifieke onkruidbeheer program moet gevolg word.

7.3.6 Verbouingspraktyk

Indien daar vanaf ander wingerde op dieselfde plaas beweeg word, is die volgende verpligtend:

- a) Skoonspuit van trekkers en implemente;
- b) Ontsmetting van snoeiskêre;
- c) Beskermende oorklere of skoon klere.

7.3.7 Wanneer bewerking, bespuiting of ander wingerdbou praktyke toegepas word moet die implemente en mense beweeg van die jongste na die oudste eenheid.

7.4 Onderzoek van moedereenhede

Moedereenhede moet ingevolge die Skema op die volgende voorgeskrewe tye deur die betrokke PVO ondersoek word, naamlik:

7.4.1 Normale ondersoeke (Bo- en onderstokeenhede)

In geval van moedereenhede moet die ondersoeke een keer per jaar op 'n beurtelings grondslag op die volgende tye uitgevoer word:

- a) vroeë aktiewe groeistadium;
- b) vroeë blaarval stadium (slegs bostokke);
- c) russtadium.

7.4.2 Aanvullende ondersoeke

a) Netelblaar

Alle moedereenhede moet een jaar na plant op 'n statistiese basis vir netelblaar getoets word.

b) Rolblaar (Slegs bostok eenhede)

Aanvullende ondersoeke moet ten opsigte van Rolblaar simptome gedurende die vroeë blaarval stadium uitgevoer word en wel op die volgende variëteite:

- i) alle rooi variëteite; asook
- ii) Chardonnay, Cape Riesling, Semillon en Dauphine.

7.4.3 Onderseoeke moet geskied aan die hand van die beoordelingsvorm soos voorgeskryf as **WVV C-3-12** en **WVV C-3-13**.

7.4.4 Voorgeskrewe toetse vir bo- en onderstok eenhede (**WVV C-2-4**)

7.4.5 PVO's moet op die volgende stadiums 'n opsommende verslag aan die WVV voorlê van die ondersoek wat uitgevoer is naamlik:

- a) Somerinspeksieverslag op **30 Junie**;
- b) Een gesamentlike Herfs- en Winter Inspeksieverslag op **30 September**.

7.5 Vereistes vir Moeder plantmateriaal

7.5.1 PVO's inspekteer die moedereenhede gedurende die groeiseisoen. Wingerdboukundig- en fitosanitêr visueel afwykende stokke moet uitgemerk word.

7.5.2 PVO's merk stokke wat visueel met witluise besmet is.

7.5.3 Eenhede waar die getal afwykende stokke plus stokke wat positief toets met behulp van die voorgeskrewe ELISA toetse vir Rolblaar plus stokke met visuele simptome meer as **5%** is, word geskrap.

7.5.4 PVO's kontroleer dat die lote van alle gemerkte stokke sowel as die twee aanliggende stokke vooraf afgesny is, en dat die afgeknippte lote effektief uit die eenheid verwyder of vernietig is, voordat begin word om plantmateriaal in te samel.

7.5.5 PVO's kontroleer volgens die IPW en/of Eurogap-rekords dat die meer intensiewe spuitprogram vir die beheer van witluise gevolg is.

7.5.6 Herfsinspeksie van moedereenhede is verpligtend op alle rooi variëteite en op die wit variëteite Chardonnay, Cape Riesling, Semillon en Dauphine.

7.5.7 Geen witluise of tekens van witluise mag op die stokke en plantmateriaal wat uitgereik word voorkom nie.

8. BEPALING VAN STATUS VAN PLANTMATERIAAL

8.1 PVO's moet jaarliks voor **31 Desember** 'n voorlegging aan die Sekretariaat maak van enige wysiging van die risiko profiel van hul eenhede sowel as die netelbaar toetse van hul eenhede.

8.2 PVO's moet jaarliks voor **31 Mei** 'n voorlegging aan die sekretariaat maak van die rolblaar toetse en/of inspeksies van hul eenhede.

- 8.3 Indeling van die status van die plantmateriaal in die eenhede moet jaarliks voor **30 Junie** volgens die volgende riglyne deur die Sekretariaat bepaal word en aan elke PVO voorgelê word.

Eenhedsvereistes;

- a) L = Lae risiko eenhede

Eenhede waar daar geen Netelblaar of Rolblaar vektore voorkom nie, en waar die moniteringsaksie van die eenheid geen voorkoms van vektore aandui nie.

- b) R = Risiko eenhede

Alle ander eenhede.

- 8.4 Onderstokke van *Vitis vinifera* kruisings sluit die volgende variëteite in;

143 B, Jacquez en US 8-7.

- 8.5 Vir Netelblaar word die *Xiphinema index* resultaat sowel as die eerste jaar na plant se netelblaartoetsuitslae gebruik. Vir Rolblaar word die uitslag van die huidige jaar se rolblaar inspeksie/toetse gebruik om die status van die blok te bepaal.

- 8.6 Vir Grondveseenhede in lae risiko areas word die status toegeken volgens die rolblaar toetse van die voorafgaande drie jaar, vir alle ander grondveseenhede wat nie in die voorafgaande jaar getoets is nie, maar wel in die driejaar periode, kan materiaal met W1 status uitgereik word vir kommersiële gebruik.

- 8.7 Plantmateriaal kan voor **31 Mei** deur PVO's uitgereik word.

9. UITREIKING VAN PLANTMATERIAAL

- 9.1 Kwekers doen voor **15 April** by PVO's aansoek om plantmateriaal.

- 9.2 PLANT SA maak voor **30 Junie** 'n voorlegging aan NDL van die eenhede van elke PVO wat aan die vereistes van die Skema voldoen.

- 9.3 PLANT SA reik sertifiseringsetikette uit aan PVO's volgens die getalle deur hulle bestel.

- 9.4 PVO's beraam in oorleg met die betrokke moederblokprodusente die getal bondels per kloon.

- 9.5 'n Sertifiseringsetiket moet aan elke bondel plantmateriaal wat aan 'n kweker gelewer word geheg word ter bevestiging van die sertifisering van die betrokke plantmateriaal volgens die volgende kategorieë naamlik:

Groen = **Bondels onopgeknippte** plantmateriaal

Geel = **Verwerkte / opgeknippte** entlote

Bruin = **Opgeknippte** plantlote

Indien die plantmateriaal vir eie gebruik deur die kweker self aangewend gaan word en:

- a) nie van die plaas verwyder gaan word nie, is dit nie nodig om sertifiseringsetikette aan die bondels voor of na opknip van die plantmateriaal te heg nie;
- b) aan 'n kontrakteur gelewer word, moet die kweker die PVO in kennis stel en aansoek doen vir die nodige etikette voordat die plantmateriaal van sy plaas verwyder word. Nadat die plantmateriaal opgeknip is, moet dieselfde etikette weer deur die kontrakteur aan die opgeknippte bondels geheg word en weer aan die kweker gelewer word.

- 9.6 PVO's reik plantmateriaal uit aan kwekers soos bestel.

- 9.7 Daar word aanvaar dat getalle in onopgeknippte bondels nie sekuur bepaal kan word nie:

- a) In gevalle waar kwekers meer plantmateriaal uit onopgeknippte bondels benut as wat op die afleweringsbewys aangedui is, moet die addisionele hoeveelheid op die voorgeskrewe vorm van elke PVO voor **15 Oktober** aan die betrokke PVO verklaar word.
- b) Addisionele uitreikings aan kwekers moet skriftelik tussen die PVO's en die moederblokprodusente reggestel word.
- c) PVO's moet voor **15 November** die volledige uitreikings aan die WVV voorlê.

- 9.8 In geval van nuwe of skaars plantmateriaal uit grondveseenhede wat nog nie twee jaar oud is nie kan sodanige plantmateriaal met die skriftelike toestemming van die Uitvoerende Raad as kandidaat plantmateriaal deur 'n PVO in 'n grondves kwekery aangewend word mits,

- a) die PVO vooraf skriftelik daarvoor aansoek gedoen het by die WVV;
- b) die eenheid gevestig is op rou grond en die grond vry toets van *X index*;
- c) die plantmateriaal voldoen aan ten minste kandidaat status.

- 9.9 In geval van nuwe of skaars plantmateriaal uit moedereenhede wat nog nie twee jaar oud is nie kan sodanige plantmateriaal met die skriftelike toestemming

van die PVO as kandidaat plantmateriaal deur 'n kweker in 'n kwekery aangewend word mits;

- a) die kweker vooraf skriftelik daarvoor aansoek gedoen het by die betrokke PVO;
- b) die eenheid gevestig is op grond wat vry toets van *X index*;
- c) die plantmateriaal voldoen aan ten minste kandidaat status.

9.10 PVO's maak uitreikingsbewyse uit met die volledige besonderhede van die plantmateriaal uitgereik en kontroleer bondelgroottes en opknipprosedures by produsente en kwekers op 'n ad hoc-basis.

- a) Verkope en uitruil van gesertifiseerde bondels plantmateriaal met oorspronklike sertifiseringsetikette onderling tussen kwekers moet deurlopend op die voorgeskrewe vorm van elke PVO aangeteken word en voor **15 Oktober** deur die kwekers by die betrokke PVO's aangemeld word.
- b) Verkope en uitruil van plantmateriaal onderling tussen kwekers moet deur middel van dokumentasie deur die PVO's en kwekers reggestel word sodat die PVO's voor **15 November** die volledige uitreikings aan die WVV kan voorlê.
- c) PVO's volg klagtes op en bedien moederblokprodusente met advies.
- d) Afleweringsbewyse moet elke besending vergesel en moet deur die bestuurder van die voertuig getoon kan word.

9.11 Die persentasie plantmateriaal in opgeknippte sowel as onopgeknippte bondels wat mag afwyk van die fisiese standaard, mag nie drie persent oorskrei nie. Geen afwykings mag voorkom in die getalle van plantmateriaal in opgeknippte bondels nie.

9.12 PVO's samel die ongebruikte en beskadigde sertifiseringsetikette tesame met die uitreikingsbewysboeke by moederblokprodusente in en kontroleer die getal bondels uitgereik teenoor die getal sertifiseringsetikette gebruik.

9.13 PVO's moet voor **15 November** 'n volledige voorlegging aan die WVV maak van alle uitreikings met inagneming van alle regstellings en uitruilings tussen kwekers.

10. SERTIFISERING VAN PLANTMATERIAAL UITGEREIK

10.1 'n Volledige opgawe van plantmateriaal getalle wat per kloon uitgereik is, soos in **WVV C-3-9** en **WVV C-3-10** voorgeskryf, moet voor **15 November** deur elke PVO by die WVV ingedien word.

- 10.2 Elke opgawe van uitreikings moet vergesel gaan van 'n verklaring deur die interne PVO inspekteur, soos in **WVV C-3-11** voorgeskryf, dat die plantmateriaal deur die betrokke PVO uitgereik, aan die voorskrifte van die Skema voldoen.
- 10.3 PLANT SA kontroleer alle uitreikings teenoor die blokregisters van die betrokke PVO, en bevestig die sertifiseringstatus van die plantmateriaal.

11. METING VAN LOOTDEURSNEE

11.1 Meting van die lootdeursnee by die dunste grens

a) Ronde meet-instrument

Volgens die vereistes van die Skema kwalifiseer lote waarvan die dunste internodium nie in 'n ronde gat met 'n deursnee van 4, 6 of 7 mm kan inpas nie.

b) Gleuf meet-instrument

Volgens die vereistes van die Skema kwalifiseer 'n loot wat nie op enige manier in 'n gleuf met twee ewewydige kante 4, 6 of 7 mm uitmekaar, kan inpas nie.

11.2 Meting van die lootdeursnee by die dikste grens

a) Ronde meet-instrument

Lote waarvan die dikste internodium in 'n ronde gat met 'n deursnee van 12 mm kan inpas, kwalifiseer.

b) Gleuf meet-instrument

'n Loot kwalifiseer slegs indien die dikste internodium op alle maniere in 'n gleuf met twee ewewydige kante, 12 mm uitmekaar, kan inpas.

12. OPKNIP VAN ONDERSTOK PLANTMATERIAAL

- 12.1 Opgeknippte entlote moet aan die minimum fisiese vereistes van die Skema voldoen.
- 12.2 Entlote moet met geel etikette van die Skema geëtiketteer word.
- 12.3 Entlote word verkoop teen die entloot prys soos deur elke PVO bepaal.